2026
# DIE KOORD
UNIVERSITEITSOORD

MAART/APRIL

NO. 716



## DS ARNO MEIRING

Wat sien jý in die Laaste Avondmaal?


In hierdie Paastyd onthou ons Jesus se laaste ete saam met sy dissipels voordat Hy gevange geneem en gekruisig is. Ons gaan self op Goeie Vrydag by die tafel aansit en sy liefde en beloftes ontvang. Daarom het kunstenaars reg deur die eeue hulle hierdie spesiale ete verbeel en geverf. Diane Lee lys in 'n artikel sewe spesiale elemente wat ons in hierdie laaste avondmaal skilderye kan soek:

• Wyn en brood: Daar is altyd wyn en brood op die tafel. Die sinoptiese evangelies vertel dat Jesus aan hierdie tafel die eerste nagmaal ingestel het (Paulus verwys daarna in 1 Kor 11; Johannes vertel van 'n ete, maar fokus op die voetewassing). Die wyn kan ook in 'n silwer beker versteek wees.
• Vis en lam: Soms is daar naas die brood en wyn, ook vis en lamsvleis op die tafel. Vis is mos 'n teken vir Jesus: die Griekse woord vir vis, "ichthus", is 'n afkorting vir "Jesus Christus Seun van God, Verlosser". Volgens Johannes is lamsvleis by die ete bedien; dit verwys ook na Jesus as die Lam wat vir ons geslag word.
• Jesus, die held: Die fokus val op Jesus, wat gewoonlik reg in die middel uitgebeeld word. Partykeer word Hy selfs 'n bietjie groter as die ander geverf. Hy het 'n stralekrans om sy kop – soms 'n dakkie poort, venster of dakkie agter Hom wat Hom beklemtoon.
• Judas, die skurk: Dis gewoonlik maklik om Judas raak te sien – hy is fisies verwyder van die ander, soms alleen aan die ander kant van die tafel. Hy kyk weg, lyk vyandig, het dalk 'n beursie in sy vuis. Party kunstenaars beeld die boosheid as 'n swart voël uit wat in sy mond in vlieg! Ander weer met 'n kat wat by hom staan.
• Die slapende Johannes: Dit lyk in party kunswerke of een dissipel aan die slaap geraak het. Dis Johannes, die "geliefde dissipel" wat volgens Joh 13 oorgeleun het na Jesus om te vra wie Hom gaan verloën.
• Pretzel: In 'n aantal kunswerke en ou manuskripte lê daar ook 'n pretzel op die tafel! Dit simboliseer glo ('n kind se) arms wat in gebed gevou word; miskien roep dit ons om dieselfde te doen?
• Die ou in die hoek: Soms sien jy kunswerke met 'n ekstra karakter in; dikwels iemand wat in die hoek staan en kyk. Dit is gewoonlik die persoon (patron) wat die kunswerk bestel het, en wat ook 'n plekkie kry.

Dit is interessant om hierdie simbole raak te sien; maar mens kan ook dieper daaroor dink. Wat ontvang ék aan die Here se tafel? Waarvan verlos die Here Jesus vir mý? Verf ek Hom ook in die middel van mý lewe? Sien ek iets van myself in die verraaier?
Ken ek myself ook as 'n geliefde dissipel?
Wat wil ek bid? Wat maak ék in die vertrek?
Mag jy ook in hierdie paastyd 'n besondere ontmoeting aan die Here se tafel hê.



# PREEKBEURTE





# ALLE INLIGTING




# PREEKREEKS AFSLUITING: 22 MAART




# HELP ONS TORING BOU!!




















PAASFEES 2026

# SAVE THE DATE










BEHOORT & BEWEEG




# MARTUS

## ONE HIT WONDERS









## JAKARANDA KINDERHUIS










26 MAART | 18:30
Kom help ons om fondse in te samel vir klein Lente!

**Lente se storie:**
Lente (2½ jaar oud) was middel Desember saam met haar ouers in 'n ernstige kop-aan-kop botsing betrokke, waarin sy 'n ernstige breinbesering opgedoen het. Sy was vir ongeveer 'n maand in die ICU waar sy 'n groot operasie ondergaan het om haar toestand te stabiliseer. Daarna is sy na 'n rehabilitasiehospitaal oorgeplaas waar beplan is dat sy sowat 10 weke sou deurbring.
Ongelukkig is sy vroeër as beplan ontslaan omdat die mediese fonds nie verdere koste wou dek nie. Lente moet nou as 'n buitepasiënt behandel word, wat privaat befonds moet word.
As gevolg van haar besering moet Lente tans weer basiese vaardighede van voor af aanleer, soos eet, sit, staan, loop en praat. In baie opsigte begin sy weer soos 'n pasgebore baba.
Om haar herstel te ondersteun, het sy spesiale toerusting by die huis nodig om haar meer gemaklik te maak en om haar rehabilitasie te bevorder. Daar is ook voortdurende mediese onkostes aangesien sy gereeld spesialiste en terapeute moet besoek.
Hoe kan jy help?
Ons hou dus hierdie sokkie as 'n Fondsinsameling om haar gesin by te staan!



# BOEKRESENSIE
# GERHARD VAN DER LINDE

***Good, Edwin M. 2011. Genesis 1-11: Tales of the earliest world. Stanford: Stanford University Press.***

*Good, Emeritus Professor by Stanford bied sy eie vertaling van die Genesis-tekste, met kommentaar op die verhaalaspek en die betekenisnuanses van sekere Hebreeuse woorde. Hy gaan nie in op geloofsperspektiewe of teologiese kwessies nie. In Gen. 1:14 word die Hebreeuse woorde vir "son" en "maan" nie gebruik nie, moontlik omdat hulle in sommige antieke kulture goddelike status gehad het. Die sterre word net in die verbygaan genoem word, asof dit geen bepaalde funksie het nie. Die woord "skep" in plaas van "maak" word net vir die diere van die see en die mense gebruik. In Genesis 2 ontvou die skepping in `n ander volgorde en die struktuur van opeenvolgende dae ontbreek. Good skryf dat die "tuin" eerder gesien moet word as `n "fairly extensive forest" (bl. 23). Daar is in dié verhaal geen "laat daar wees" bevele nie; alles ontstaan deur bepaalde aksies. Anders as in Gen. 1 kry die mens die opdrag om die tuin te dien en onderhou. Die Skepper in hierdie verhaal is `n handewerker – die tuin word aangelê, en die vrou word "gebou" (Hebreeuse werkwoord banah). Gen. 2:24 is duidelik ingevoeg om `n kulturele gebruik as deel van die skepping te verklaar. Gen. 3 kan volgens Good as `n fabel beskryf word, op grond van die pratende slang. Daar is `n suggestie dat hy eers pote gehad het. Dat hy weet van die verbod op een boom is vreemd, omdat die gesprek daaroor tussen Elohim en Adam plaasgevind het voor die diere gevorm is. Die frase "soos God" in vs. 5 is elders vertaal met "soos gode". Die verbode vrug sou dus sowel morele kennis as "divine knowledge" in die algemeen kon gee (bl. 38). God ondervra net die man en die vrou; die slang se weergawe word geïgnoreer. Good argumenteer dat die "ons" in vs. 22 kan verwys na "a group of gods that Yahweh addresses" (bl. 43), en beweer dat die Ou Testament as geheel die bestaan van ander gode naas Yahweh erken. Ook die boom van die lewe is nou verbode. Wat, vra Good, het geword van die refrein in Gen. 1: "en dit was goed?" Gen. 4:1 kan letterlik vertaal word "as I have 'gotten' a man with Yahweh", met `n woordspeling op die naam Qayin (Kain) (bl. 46). In Gen. 1, onder Elohim is mense nog vegetaries, maar Abel offer diere aan Jahweh.*

Die teks swyg oor hoekom geoffer is, of wat Kain moes doen of wat hy verkeerd gedoen het. In Gen. 4:8 word die konsep van "sonde" die eerste keer in die Bybel genoem, hier voorgestel as `n dier wat jou voorlê. Die Hebreeuse woord vir "sonde" is vroulik, en dit word voorgestel as "a woman possessed by sexual desire" (bl. 50). Die verhaal van Noag en die vloed is volgens Good eintlik twee verskillende verhale wat saamgeflans is; die een verwys na "Jahweh", die ander na "Elohim", en sommige van die besonderhede verskil. Good wys kortliks hoe die twee vloedverhale gekombineer is (bl. 86-88). Hy beweer dat die Skepper se vreemde besluite, soosdie verbod in Eden en die weiering van Kain se offer bygedra het tot die mens se gedrag. As die kennis van goed en kwaad die mens "soos God" laat word het, hoekom het hulle so boos geword? Ook vreemd is dat diere na die vloed `n vrees moet hê vir die mens (Gen. 9:2) en dat juis kruipende diere toegelaat word as kos vir mense (Gen. 9:3). In Gen. 9 word na Gam verwys as Noag se "jongste" seun, terwyl hy in al die lyste elders as die middelste beskryf word. Onverklaarbaar word Gam se seun Kanaan gestraf vir sy pa se misstap teenoor Noag. Assur word in Gen. 10 gelys as afstammeling van sowel Gam as Set. Gen. 11 spring van die nadraai van die vloed na die "whole Earth...wandering in the east" (bl. 102). Die idee van `n "enkele taal" in Gen. 11:1 rym nie met Gen.10:5 nie. In Gen. 11:7 verwys Jahweh weer na "ons" wat besluit teen die toring. Dat Hy (ons) die toring as `n bedreiging sien en as teken van `n mensheid sonder grense weerspreek die idee van Goddellike almag. Good wys op kontraste tussen die toring-verhaal en die verhale van die vloed. Die boek is pittig geskryf en help die leser om te verstaan hoe die oerverhale aanmekaar gesit is. Dit bied ook insigte in aspekte van die vertaling en interpretasie van die Hebreeuse tekste.

# UNIVERSITEITSOORD




## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS


Kerkkantoor:
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
Maretha Minnaar
Finansies & Admin
Maryna Enslin
Bemarking & Kommunikasie

Predikante:
Arno Meiring
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

Anuschka Smit
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

Christian Oberholzer
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za




## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083

*Is jy uitstedig?*

**volg ons dienste op**

YouTube

www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

SnapScan

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

www.universiteitsoord.co.za